



**Afrikaans**  
WEEK 12  
WOENSDAG

**Graad 5**

(Bron: Via Afrika)

**LEES HARDOP!** Lees die volgende gedig, Visvang, eers vir jousef en dan vir iemand anders. Onthou om die woorde reg uit te spreek en met gevoel te lees.

Plaps! Dit was so **amper**  
of ek het nou een gehad.  
Maar hulle is so vreeslik **glad**  
van al die tyd se bad...

Soe! Die water loop al **straaltjies**  
agter in my **nek**,  
en onder by my skoen se **sool**  
begin dit ook te **lek**.

Kaats! Hou op met **knor** en loer.  
Jy maak die visse bang!  
En dan kan ek maar **opgee**  
om hulle te wil **vang**.

Outjie! Nou kyk 'n bietjie...  
Hoe het ek dit reggekry?  
Die mooiste, geelste van die vissies  
het in... my **kous gegly!**



# TAALLEER: Voegwoorde

Voegwoorde voeg sinne saam om een sin te maak. Bv. Karabo is ongehoorsaam. Hy luister nie na sy ma nie. Karabo is ongehoorsaam, want hy luister nie na sy ma nie.

Soms verander die woordorde.

- ❖ Sy ma kyk. Hy hardloop see toe. Sy ma kyk **terwyl** hy see toe hardloop. (Die werkwoord skuif na die einde.)
- ❖ Hy is siek. Hy swem nie. Hy is siek, **daarom** swem hy nie. (Die werkwoord skuif tot na die voegwoord.)

**AKTIWITEIT:** Verbind die onderstaande sinne met die voegwoord tussen hakies. Let op die woordorde.

- 1) Lance swem. Karabo kan nie. (maar)
- 2) Lance swem terwyl Karabo sit op die strand. (terwyl)
- 3) Karabo gaan dokter toe. Sy voet is seer. (want)
- 4) Karabo se vakansie misluk. Sy voet is seer. (omdat)
- 5) Hy is ongehoorsaam. Sy ma raas. (daarom)



# ANTWOORDE:

- 1) Lance swem, maar Karabo kan nie. (Onthou die komma)
- 2) Lance swem terwyl Karabo op die strand sit. (woordorde)
- 3) Karabo gaan dokter toe, want sy voet is seer. (Onthou die komma)
- 4) Karabo se vakansie misluk omdat sy voet seer is. (woordorde)
- 5) Hy is ongehoorsaam, daarom raas sy ma. (woordorde en komma)



**HOE OM 'n STORIE OP TE SOM:** As 'n mens 'n storie wil korter maak (**opsom**), moet jy die belangrikste woorde vind en dit neerskryf. Gewoonlik kry 'n mens van die woorde in die titel of in die eerste sin. Daarna moet jy feite soek wat jou meer van die sleutelwoorde vertel.

Lees 'n Ongeluk weer. Skryf die **sleutelwoorde** neer en **som** dan jou storie op. Jou opsomming mag nie langer as **40-50 woorde** wees nie.

### 'n Ongeluk

“Mamma, wanneer kom ons by die see?” vra Karabo **opgewonde**. Lance, sy vriend, sit langs hom op die **agterste sitplek**.

“Nog 'n klein rukkie,” sê Mamma.

“Ek sien die see!” skreeu Lance.

“Sjoe, maar dit is groot,” sê Karabo. Hy rek om te sien, want hy is 'n bietjie kort.

“En baie **gevaarlik** as jy **onverskillig** is,” waarsku Mamma. “Die water is nie soos stil soos 'n dam s'n nie. Dit beweeg heeldyd en kan jou tot diep in die see intrek.”

'n Uur later is hulle op die strand. “Onthou om naby rotse julle sandale te dra, want die **skulpe** en **rotse** kan julle voete sny,” sê Mamma.

Ma is net weer onnodig **bekommerd**, dink Karabo. Kyk hoe sag lyk die sand. Hy en Lance hardloop oor die strand, reguit rotse toe. Mamma wil nog weer waarsku, maar dit is te laat.

“Eina! Eina!” huil Karabo en spring op een voet. Daar is 'n diep sny aan die onderkant van sy ander voet. Hy het op die skerpkant van 'n skulp getrap.

